# Die Evangelie is Goeie Nuus met 'n Waarskuwing

Rom 1:16
LEES: Rom 1:1-17 (:16)

Wie weet wat die woord *"evangelie"* letterlik beteken? (Grieks vir "goeie nuus") Wat is die name van die *vier evangelies* in die Bybel? Hoe staan die *eerste drie* bekend? Paulus noem die evangelie in ons teksvers 'n KRAG van God. Die Griekse woord vir krag is **dunamis** - die evangelie is dinamies, dit *laat gebeur*. Laat *wat* gebeur? Niks minder nie as die redding van mense! Daardeur en daarmee RED God mense. Hy red hulle in die eerste plek van *die hel*. Hy red hulle van 'n *tevergeefse lewe*. Met die goeie nuus van die evangelie het God ook al mense gered van *verslawing* en 'n lewe van *misdaad en ellende* en Hy doen dit VANDAG NOG. Baie *huwelike* is al gered deur die evangelie.
Luister hoe klink Paulus se woorde in vers 16 in 'n baie **moderne baadjie:** *"I don't miss a chance to brag about the great news. Why? 'Cos it works. I've seen it time and again. It's life-changing – God straightens people out, gets them sorted and gets them living by taking him at his word. Who cares whether you're Jewish or British or Finnish, when you can be God-ish?"* (the Word on the street – Rob Lacey)
Maar LET WEL: Die evangelie is goeie nuus vir almal wat dit GLO. Dit is **slegte nuus** vir die ander wat dit *nie* glo nie, want vir hulle is dit 'n waarskuwing dat hulle VERLORE is! Daarom dat ons kan sê DIE EVANGELIE IS GOEIE NUUS MET 'N WAARSKUWING – goeie nuus vir die wat dit *glo*; 'n waarskuwing vir die wat dit *nie glo nie (met 'n uitnodiging)*.

DIE INHOUD VAN DIE EVANGELIE
Ons moet die evangelie glo, maar: Wat sou jy sê is die INHOUD van die evangelie? As dit is wat ons moet glo om gered te word, is dit 'n baie **belangrike vraag**, nie waar nie. Waaroor gaan die evangelie? Beteken dit ek moet *alles* wat in die Bybel staan letterlik net so glo? Al die oorloë, syfers, wonderverhale, geslagregisters? Moet ek bv glo dat **Noag se ark** presies so groot was soos wat daar staan, dat presies **soveel mense** in die oorloë omgekom het, dat die **skepping** in presies 7 dae van 24 uur elk plaasgevind het? Wat daarvan is evangelie en wat nie?
Ons hoef gelukkig nie ver te gaan soek na 'n antwoord nie. Paulus begin sy brief aan die Romeine soos wat dit destyds die gebruik was – deur heel eerste homself as skrywer aan hulle bekend te stel. Hy sê o.a. dat hy *"afgesonder is vir die evangelie van God."* In vers 9 noem hy dit spesifiek *"die evangelie van sy Seun"*. Die evangelie, sê hy, handel oor **God wat mens** geword het – Jesus was die Seun van God, wat as 'n mens uit die nageslag van Dawid gebore is (:3). Daarom kon Hy die **volkome offer** vir ons sondes bring - omdat Hy God EN volmaak sondelose mens was. Hy het gesterf en so die volle prys vir ons sonde betaal, maar daarna ook weer opgestaan uit die dood (:4).
Die INHOUD van die evangelie is dus **'n Persoon – Jesus Christus die Here** soos wat hy Hom in vers 4 noem: *"Jesus"* – sy naam as mens; *"Christus"* – wat Gesalfde beteken en *"Here"* – besitter en regeerder van hemel en aarde. Wanneer jy dus, soos Paulus hier doen, na die Seun van God verwys as *"Jesus Christus ons Here",* verkondig jy daarmee in **'n neutedop** die hele evangelie. Jy bely *sy mensheid* met die naam Jesus, jy erken Hom *as God se Gesalfde* met die naam Christus en jy erken dat Hy jou (en almal en alles) se *Eienaar en Beskikker* is.

Die evangelie is die Goeie Nuus aangaande Jesus. **Die engel** het die nag van sy geboorte die evangelie aan die herders verkondig toe hy gesê het *"ek bring vir julle 'n goeie tyding VAN GROOT BLYDSKAP…"* (Luk 2:10)
**Dit gaan oor Jesus, die Christus, ons Here.**
Om die evangelie te glo, beteken nie dat jy **alles** wat in die Bybel staan letterlik so glo nie. Daar is foute en teenstrydighede in die Bybel. Om die evangelie te glo, beteken dat jy ***in Jesus*** **glo as God wat mens geword en vir ons sondes gesterf en weer opgestaan het.** DAN word jy gered.
En as jy regtig in Hom glo, sal jy jou ook nie daarvoor **skaam nie**. Paulus was so iemand: *"Ek skaam my nie oor die evangelie nie,"* sê hy. **Kan jy en ek dit ook sê?** "Ek skaam my nie oor Jesus Christus die Here nie! Laat ander Hom maar bespot en afkraak. Laat hulle maar sê ek is eng of outyds of naïef of dom. Ek sal NIE wegsteek dat ek in Hom glo nie. Ek sal ook nie ophou om ander aan te moedig om in Hom te glo nie." **Hoekom** sal ek vir Hom skaam wees as Hy so 'n *verskil ten goede* in ander se lewe en in die wêreld kan maak? Hoekom sal ek my vir so 'n *wonderlike Vriend* wat my bystaan deur dik en dun en wat sy lewe vir my gegee het, skaam?

DIE ADRES VAN DIE EVANGELIE
Wie moet almal die evangelie hoor? **Vir wie** is die goeie nuus met 'n waarskuwing bedoel? Wat is **hulle adres**?

In vers 15 lees ons die antwoord. Die adres waarheen die evangelie moet gaan, is *"al die heidennasies"*. Vers 14 *"Grieke en nie-Grieke", "ontwikkeldes en ongeleerdes"*. Vers 16 *"Jood en nie-Jood"*. Daar was destyds duidelike **grense** tussen die Grieke en die res. As jy nie 'n Griek was nie, was jy in hulle oë 'n *barbaar ("Barbarois")*. Netso het die Jode almal wat nie Jode was nie as heidene beskou en hulle selfs honde genoem. Paulus beklemtoon dat die evangelie hom deur geen grense laat stuit nie. Dit is 'n geval van Jesus vir ALMAL. God se liefde is onbegrens.

DIE DOEL DAARVAN OM DIE GOEIE NUUS TE VERTEL
**Waarom** sou 'n mens dit doen? Waarom kan jy nie maar die nuus vir jouself hou nie? As ons dit vir Paulus sou vra, sal ons sommer 'n hele **paar antwoorde** kry. Hy gee sommige van die antwoorde sommer al binne die eerste verse van hierdie Brief. Volgens v 5 doen hy dit *sodat ander kan glo en so tot gehoorsaamheid aan God kan kom,* want geloof sonder gehoorsaamheid is nie ware geloof nie. En waarom is gehoorsaamheid aan God so belangrik? Want dan gee ons aan Hom **die eer** wat Hom toekom. En DIS waaroor die lewe gaan – dat God geëer sal word.
Ons is geroep om die goeie nuus te vertel ter wille van DIE EER VAN GOD. As dit vir jou en my belangrik is dat God geëer sal word, *sal ons* deelneem aan die verspreiding en verkondiging van die evangelie. 'n Mens en 'n gemeente se **sendingbelangstelling en sendingywer** is daarom 'n aanduiding van hoe belangrik God se eer vir jou is. Hoekom sal dit wonderlik wees as al hierdie **leë banke** en die leë banke in ander kerkgeboue weer vol kan word op 'n Sondag? Sodat hier meer mense sal wees om God te vereer! Dit is die vernaamste rede waarom u teenwoordigheid hier op 'n Sondag belangrik is, want dit is tog bedoel om 'n **ere-diens** te wees. Dit is die **eerste rede** waarom ons mekaar hierheen moet aanmoedig, nie om kerk toe te gaan nie, maar om die Here te gaan vereer!
In vers 13 sê hy, hy bring die ev *om mense vir Christus te wen*.
In vers 16 weer val die klem op die REDDING van mense, want die evangelie is 'n krag tot *redding.* Dit gaan om Jesus en net Jesus kan red. Om hierdie boodskap vir

jouself te hou terwyl daar nog miljoene is wat dit nog nie gehoor het nie, is die **toppunt van selfsug en liefdeloosheid**, is dit nie? Ons behoort veel eerder alles in ons vermoë te doen dat hulle sal hoor dat hulle ook van hul sonde vrygespreek kan word en sodoende die ewige dood sal vryspring en die ewige lewe sal ontvang (:17). **Jesus vir Ander ter wille van die eer van God en ter wille van hul redding**. Ons het sekerlik geen sterker motivering nodig as dit nie!

DIE ROL VAN DIE TUISGEMEENTE

Die Here het vir Paulus afgesonder om die evangelie van plek tot plek te verkondig, meestal waar daar nog nie gemeentes bestaan het nie. Hy was gehoorsaam aan sy roeping en het dit volgens vers 9 *"met hart en siel"* uitgevoer.

Dit het egter nie beteken dat die **ander christene** wat in ander beroepe gestaan het, nie ook 'n sendingroeping gehad het nie. Ons lees byvoorbeeld dat Paulus God daarvoor dank dat hulle in Rome hul geloof op so 'n manier uitleef dat *"die hele wêreld"* daaroor praat (:8). Hulle voorbeeld en hulle getuienis het sy taak net soveel *makliker* gemaak. Hulle was as't ware **klankversterkers** vir sy boodskap – soos hierdie mikrofoon waaroor ek met julle praat. Dit wat die mense by die christene van Rome gesien en van hulle gehoor het, het dit vir hulle makliker gemaak om die evangelie wat Paulus verkondig het te glo.

Paulus noem dit ook as een van die redes waarom hy hulle graag wil besoek dat hy deur hulle geloof **bemoedig** kon word. Sendelinge, selfs 'n Paulus, het bemoediging nodig. Hulle moet soms onder baie moeilike omstandighede werk en kry ook met teleurstellings te doen. Paulus verwys daarna dat hy Rome eintlik al lankal wou besoek het, maar **verhinder** is. *Hindernisse en struikelblokke* kan jou later so frustreer dat jy moedeloos word.

Ons as tuisgemeente kan eweneens die taak van sendelinge makliker maak deur die manier waarop ons **ons christenskap uitleef**. Is ons manier van lewe en die manier waarop ons vir mekaar en vir ander mense lief is en omgee van so 'n aard dat dit ongelowiges na Jesus toe sal *aantrek*, hulle ook christene sal wil laat word?

Al kan ons nie die sendelinge fisies gaan besoek nie, kan ons ook mos soos Paulus vir hulle briewe skryf om hulle **te bemoedig**. Of ons kan bel of e-pos of Skype.

Ons kan en hoef nie almal **uit te gaan** om iewers elders in die wêreld die evangelie te gaan verkondig nie. **Volgende jaar** DV stuur God die wêreld SA toe en Kaapstad toe agter 'n sokkerbal aan! Hoeveel *doele* kan ons as christene nie dan vir God se span aanteken nie? Vergeet van die **beker** - hoeveel mense gaan tydens die toernooi vir Christus *gewen* word? Baie Kapenaars wil daardie tyd **weg kom** uit die gewoel. Baie wil soveel **munt** slaan uit die arme besoekers as moontlik. Wat gaan ons **as christene** maak met so 'n unieke geleentheid met die sendingveld op ons drumpel?

Sal dit nie f**antasties** wees as die toeriste hiervandaan **teruggaan** en in die hele wêreld vertel van die geloof van die mense van Kaapstad (Rome) nie! Sal dit nie **nog wonderliker** wees as baie van hulle sal teruggaan met die getuienis dat al het hul sokkerspan verloor, is hulle nou lede van Jesus se wenspan!

Amen
8/11/2009